Mat 24:34 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie saadlyn sal sekerlik nie tot niet gaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie.

Mat 24:35 Die Hemele en die Aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nooit verbygaan nie.

Mat 24:36 MAAR van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die Boodskappers van die Hemele nie, maar net My VADER alleen.

Mat 24:37 En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die Adam wees. [Boekrol van Henog 83:9]

Mat 24:38 Want net soos hulle was in die dae voor die vloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die Ark gegaan het,

Mat 24:39 en dit nie verstaan het voordat die vloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die Adam wees. [Boekrol van Henog 7:5]

Mat 24:40 Dan sal daar twee op die Aarde wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat.

Mat 24:41 Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat.

Mat 24:42 Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Meester kom nie.

Mat 24:43 Maar weet dit: as die eienaar geweet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie.

Mat 24:44 Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die Adam kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie.

Mat 24:45 WIE is dan die getroue en wyse dienskneg vir wie sy Meester oor Sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee?

Mat 24:46 Geseënd is daardie dienskneg vir wie sy Meester, as Hy kom, op hierdie manier besig sal vind.

Mat 24:47 Voorwaar Ek sê vir julle, Hy sal hom oor al Sy besittings aanstel.

Mat 24:48 Maar as daardie verdraaide dienskneg in sy hart sê: My Meester talm om te kom -

Mat 24:49 en hy sy medediensknegte begin slaan en saam met die dronkaards begin eet en drink,

Mat 24:50 dan sal die Meester van dié dienskneg kom op 'n dag dat hy dit nie verwag nie en op 'n uur dat hy dit nie weet nie;

Mat 24:51 en sal hom pynig en hom 'n deelgenoot van die tweegesigte maak. Daar sal geween wees en gekners van die tande.